



Chairman's Report: 2021 – 2022

*An overview by Mr. Billy van Zyl, National Chairman,
National Woolgrowers' Association of SA (NWGA)*

EMBARGO

To be delivered on Wednesday, 1 June 2022 @ 10:00

Geagte Voorsitter, Profesoor Johann Kirsten, pryswenners, gaste, personeel, borge en medeboere.

Na 'n baie droë tydperk en Covid-19 het ek gedink om die tema van ons kongres "Back to the future" te maak. Gelukkig leef ons in die toekoms en nie in die verlede nie, en daarom die gesegde "you can cry over your past, or trek reg jou gevriet en choose die future."

Daarom is dit vir 'n produsente-organisasie belangrik om sy "gesig" reg te trek en die toekoms aan te vat.....Hier is 'n terugblik op die afgelope jaar.....

Biosekuriteit

Die dinge wat ons bedryf kan laat skade lei, is Bek-en-klouseer, Slenkdalkoors, John's en Bloutong.

Bek-en-Klouseer is sedert 2019 op ons tonge en die regte protokolle is gevolg vir die uitvoer na China en daarom medeboere, kan ek nie vandag vir julle sê hoekom ons in hierdie situasie is nie. Maar wat ek kan belowe is dat ons as NWKV en die hele wolbedryf ons bes doen om die situasie te hanteer. Die DG van Landbou is reeds genooi deur die NWKV om môre se kongres en die hele wolbedryf te kom besoek.

Slenkdalkoors en Bloutong is die boer se volgende struikelblok, en die onvermoë van Onderstepoort om produkte te lewer maak dit nog moeiliker vir ons boere. Die Hoofbestuurder, Mnr Leon de Beer, sal hieroor meer uitbrei in sy jaarverslag.

Boere, dit raak uiters belangrik om beheer te hê oor jou aankope en verkope van jou vee, vanaf jou plaas.

Predasie

Vir die laaste 93 jaar is dit een van die boere se grootste kopsere en vir die volgende 93 jaar sal dit 'n kopseer bly. Alhoewel ons as boere nie voel daar word verdering gemaak nie, wil ek julle tog gerusstel en sê daar is. Ek dink tog daar is meer stabiliteit in predasie en die riglyne wat aan ons neergelê word is meer aanvaarbaar en haalbaar.

Die PMSA het 'n nuwe nuwe voorsitter, Niel du Preez, wie by Guillau du Toit oorgeneem het.

Die jaarverslag deur Niel Viljoen, wat'n hoogtepunt van 14 jaar se bevindinge en resultate op 27 monitorplase, gelëe oor 6 provinsies en n totale oppervlakte van 134 214 hektaar dek, het homself gevestig as die langste deurlopende roofoer navorsing en gemoniteerde projek in Suid-Afrika se geskiedenis. Die verslag som die buitengewone resultate op asook die impak op beide vee en roofoere.


Die program het begin met 'n totale nasionale gemiddelde verlies van 13.2% en met die implementering van gesonde predasiebestuurspraktyke deur hierdie program, het gemiddelde veeverliese van minder as 2.5% voorgekom.


Nog 'n trappie vorentoe is dat Niel Viljoen nou 7 nagjagters opgelei het en permitte vir 'n jaar gekry het.

Aan die luiperd kant is wetgewing vir boere en parke nie dieselfde nie. Boere se drade moet op 'n hoër standard wees as parke. Dankie aan Niel du Preez en kantoor vir al die werk wat julle insit aangaande predasie. Dankie aan die NWKV en RPO wat hierdie program befonds.

Wolmark

Na 'n jaar van onstabiele omstandighede, soos bek en klouseer, uitvoere van wol, tekort aan vraghouers en skepe, Covid in China, wil dit vir my voorkom asof die mark en die prys redelik stabiel bly. Alhoewel daar 2 of 3 veilings uitgestel was wil ek die makelaars en kopers bedank vir hulle samewerking. Wat gebeur met wolprysse en wolproduksie in Suid-Afrika?





Standaard

Mede-boere, in die huidige omstandighede kan ek nie die belangrikheid van standaard genoeg beklemtoon nie. Ons het huidiglik 5 standaard in Suid-Afrika nl: Volhoubare Cape Wools Standaard wat die wolbedryf in Suid-Afrika se standaard is. Dan is daar ook RWS, Abelusi Wool, ZQ, Nativa.

Standaard in Suid-Afrika is hier om te bly en watter standaard jy ookal gebruik, wil ek my mede-boere aanraai om 'n standaard wel te gebruik. Suid-Afrika produseer die beste wol in die wereld, en daarom moet ons voortbou op dit om die beste produserende wol-land in die wereld te wees en te bly.

Adviesdienste

Adviesdienste is 'n baie belangrike afdeling van die NWKV. Huidiglik doen die adviesdienste die Cape Wools Standaard oudits en het reeds al 290 oudits afgehandel. Verder trek Springbokkop -klasering en stukkie klas kursusse al hoe meer belangstelling. Skaaphanteringskursusse is ook 'n baie belangrike aspek op ons plase deesdae, omdat dit so belangrik is vir die standaard. Dankie aan Jan -Louis en sy span vir hulle diens aan die bedryf.

Lede

Ledegeld wat vrywillig van ledemakelaarrekeninge afgetrek word, bly die primêre- en verreweg die belangrikste bron van inkomste vir NWKV Eie Sake-aktiwiteite. Die optimalisering van die NWKV nasionale ledebestuurstelsel is uiters belangrik om te verseker dat hierdie bron van befondsing in stand gehou en verbeter word.

'n Strategiese beplanningsessie in September 2021 het verskeie uitdagings uitgelig, en verskeie geleenthede geïdentifiseer wat verband hou met die bestuur van lede en hul bydraes. Daarna is 'n permanente NWKV-werknemer 'n kontrak van 12 maande aangebied om hierdie uitdagings en geleenthede aan te spreek. Projekuitkomste sluit in die vestiging en handhawing van stelselbehendigheid om eksterne faktore wat verband hou met die werwing van nuwe lede te akkommodeer, asook die bestuur van interne beheerstelsels om optimale funksionaliteit te verseker. Tot op hede lewer die projek, wat in September 2022 voltooi moet word, tasbare resultate.

Bedankings

I would like to thank my two vice-chairmen, SK and HB van Der Walt and my executive for the continued support throughout the year. Also sincere thanks to our general manager and the staff in the office. Without you I would not be able to run this organization. And then to all our sponsors, Thank you very much for your contribution and partnership over the years. Thank you to every fellow farmer and NWGA member for your contributions and support over the years. It is because of your farmers that we have been here for 93 years.

I thank You